

Saterdag 2 April

Skrifgedeelte: Genesis 1:24-31

Fokusgedeelte: Genesis 1:26

God is ook méér

Baie gou in die Bybel word dit aan ons geopenbaar dat God wat Een is, ook méér is.

Genesis 1:26 wys dat die méns 'n spesiale plek in God se skepping het. Net by die skepping van die mens word beskryf dat God met Homself daarvoor beraadslaag het, en net van mense word gesê dat hulle die beeld van God is.

Hierdie sinne vertel egter ook iets besonders van God. Hy, die een en enigste ware God, is op 'n manier ook meer as een. Die "Hy" is terselfdertyd ook 'n "Ons". Dat hierdie "Ons" Drie is, word nog nie hier gesê nie, maar later in die Bybel wel. Hierdie "Ons" beteken egter nie dat daar meer as een God is nie, want die mens word net na een beeld en gelykenis gemaak, nie na beelde en gelykenisse van God nie.

Hierdie "Ons" is nie God en die engele wat in die hemel by Hom is nie, want die mens is nie na die beeld en gelykenis van engele gemaak nie. Hierdie "Ons" verwys na 'n meer-as-een-wees in God Self.

In die Ou Testament, met sy leefwêreld van die heidense geloof aan baie gode, was dit nodig om dit te beklemtoon dat daar net een God is, en dat Hy net Een Wese is. Tog is daar, behalwe Genesis 1:26, ook al ander flitse van meer-as-Een in God. Psalm 110:1 beskryf hoe die HERE met die Here praat. Jesaja 9:5 beskryf hoe die Seun, wat tot verlossing gegee sal word, self ook ewige God is.

Wie die meer-wees van God ontken, soos byvoorbeeld Moslems en Jehowa-getuies, is nie meer met die ware God besig nie, want Hy is ook "Ons".

Oor hierdie onbegryplike, wonderlike God kan en moet ons met aanbidding dink.

Sing: Psalm 45-1:1, 6

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)